# O God van Jakob

C Dm
1. O God van Jakob, deur U hand
G C
word steeds U volk gevoed;
D$^7$ G
U het weleer op see en land
C
ons vadere behoed.

C Dm
2. Ons dank- en smeekgebede gaan
G C
tot U genadetroon;
D$^7$ G
wil ons en ook ons kroos voortaan
C
U guns en trou betoon!

C Dm
3. Berei ons vir die lewenspad,
G C
wil deur U Gees ons lei;
D$^7$ G
en waar ons val, o Vader, vat
C
ons hand en staan ons by!

C Dm
4. Jahweh, bewaar ons in die nood,
G C
hou oor ons lewe wag!
D$^7$ G
Wil kleding skenk, gee daagliks brood,
C
ons deel vir elke dag!

C Dm
5. Beskikker van ons deel en lot
G C
in voor- en teëspoed,
D$^7$ G
U is ons Vader Elohim,
C
net U is waarlik goed!

C Dm
6. U het U liefde openbaar;
G C
U het ons kom verlos.
D$^7$ G
U is ons Raadsman, Wonderbaar,
C
U is ons Vredevors.